# RADIOSONDERGRENSE

# RADIOTEATER

## bied aan

# DIE ROTS

`n Radiodrama geskik vir Paasfees en/of Pinksterfees
(Ook geskik vir opvoering deur gemeentes of toneelgroepe enige tyd van die jaar.)

deur

JOEY VAN NIEKERK

--oOo--

ROLVERDELING TYDENS UITSENDING DEUR SAUK:

| | |
|---|---|
| PETRUS (as bejaarde en as dertigjarige) | - Pieter Cilliers |
| SERVUS (WAG) | - Johan Nel |
| SIPIER | - Albert Maritz |
| JUDAS | - Neels van Jaarsveld |
| JOHANNES | - Johan Kruger |
| TOMAS | - Eben Cruywagen |
| HANNA (PETRUS SE VROU) | - Joanie Combrink |

REGIE: Eben Cruywagen

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

Toestemming vir opvoering moet verkry word van:
DALRO, Posbus 31627, Braamfontein, 2017
Tel. (011) 712-8330; Telefaks. E-pos: theatricals@dalro.co.za

**Kopiereg**: Joey van Niekerk Knysnalaan 299, Sinoville, Pretoria. 0182.

Tel. (012) 567-2102; 072 7557523 (s) of 082 5300815 (s)

E-pos: jgvniekerk@mweb.co.za

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

**WENKE VIR GEBRUIKE VAN HIERDIE PAASDRAMA AS DIT AS VERHOOGDRAMA AANGEBIED WORD.**

Hierdie drama is geskryf vir uitsending oor die **radio**, maar kan baie maklik ook as **verhoogstuk** opgevoer word of as **leesdrama** gelees en bespreek word, bv. in Bybelstudie- en selgroepe.

Dit speel in sy geheel in een tronksel in Rome af waar Petrus sy laaste dag en nag deurbring, vasgeketting aan `n Romeinse wag met wie hy oor die Paasgebeure van dertig jaar gelede en die gebeure in Rome tydens Petrus se tronkstraf, gesels. ‘n Tronkbewaarder figureer ook in hierdie toneel. Daar is twee terugskouings. In die eerste terugskoutoneel figureer die dissipels Petrus, Johannes, Judas en Tomas, en in die tweede figureer Petrus en sy vrou, Hanna. Dié toneeltjies sou baie maklik direk voor `n toe gordyn of op `n effens laer vlak, of in `n ligkol vasgevang, opgevoer kon word indien die saal nie goed toegerus is vir toneelopvoerings nie. Die regte dekor, kleredrag en agtergrond sal egter die kwaliteit van die opvoering baie verhoog. Die hooftoneel sal dan `n tronksel in Rome in keiser Nero se tyd voorstel, die eerste terugskoutoneel sal êrens in die veld in Noord-Palestina afspeel en die tweede terugskoutoneel in (of voor) `n Bybelse huis in Kapernaum waar Hanna met `n paar bondeltjies goed by haar staan, gereed om saam met Petrus te vertrek. Groot ruimtes op die verhoog is nie nodig nie, omdat die grootste getal karakters wat in `n enkele toneeltjie optree, vier is. Alhoewel die tronksel volgens die dialoog taamlik donker is, moet daar tydens die opvoering genoeg lig wees om goed te kan sien, want liggaamstaal en gesigsuitdrukkings is belangrik.
Dit word hier as radiodrama gepubliseer maar kan baie maklik vir die verhoog aangepas word. Die onderskeie toneeltjies word wel in vet letters onderskei om dit vir lesers of akteurs makliker te maak indien dit opgevoer of voorgelees sou word.

Dit is belangrik dat die akteurs wat die verskillende karakters vertolk, duidelik gehoor moet kan word, aangesien die gesproke woord in hierdie drama belangrik is. Dit gee nie net perspektief op die Paasgebeure in Jesus se tyd en wat daarna van die dissipels geword het nie, maar raak ook baie vraagstukke aan waarmee Christene in ons eie tyd steeds worstel.

Indien `n gemeente hierdie drama enige tyd vanaf Paasfees tot Pinkster opvoer, kan gepaste liedere as gemeentesang of die die koor (of selfs `n spreekkoor) bygewerk word om so die hele gemeente, en ook die kinders te betrek. Indien die opvoering deur sang, tussenspel of spreekkoor onderbreek word, moet dit verkieslik net by die oorgange tussen die verskillende toneeltjies geskied, anders kan dit die vloei van die dialoog, die stemming en ook die gang van die gedramatiseerde gebeure versteur.

**Toneel 1: `n Romeinse tronksel in die tyd van Keiser Nero.**

VOETSTAPPE VAN TWEE PERSONE. `N SLEUTEL KNARS IN `N SLOT EN `N SWAAR DEUR SWAAI KNARSEND OOP.

1 BEWAARDER: Hier's jou sel, ou man. Toe, roer jou. As ek die deur toemaak, is die trappe donker en jy's oud en mankoliekig. Jou geluk, anders was jy dalk in die blok.

SWAAR VOETSTAPPE BEWEEG MET TRAPPE AF. STEEK VAS.

2 (OU) PETRUS: Dankie, Meneer die Sipier. Ja, ek weet nou nie van die blok nie, maar ek ken die ongerief van kettings. Het dit in Jerusalem ervaar. Was met twee kettings vasgeboei. Maar dit was net vir een nag. My Meester het my verlos. Sy engel het my van die kettings bevry en uit die tronk gelei – tussen baie wagte deur.

3 BEWAARDER: (SKERP) Met sulke praatjies beland jy baie gou in die blok in die heel onderste sel, ou man. Moenie probeer ontsnap nie. Jy en jou engel sal nie ver kom nie. Hier in Rome is die kruisdood oproermakers se voorland as hulle probeer ontsnap. Toe, toe. Klim verder. Ek het nie tyd nie.

4 PETRUS: (PEINSEND) Die kruis? Ek is nie werd om soos my Meester te sterf nie...

5 BEWAARDER: Jou meester? (SKERP, EFFENS WEG) Rome kruisig net slawe en oproermakers. Jou meester moes dus `n oproermaker gewees het.

1 PETRUS: Nee. Hy is die Messias, die Verlosser van die wêreld.

2 BEWAARDER: ***Is***? Ek dog hy's gekruisig?

3 PETRUS: Ja, op Golgota buite Jerusalem. Maar Hy het na drie dae uit die dood opgestaan. Nou leef Hy vir ewig …

4 BEWAARDER: Leef vir ewig? Jy laster, ou man. Mens praat nie in Rome sulke praatjies nie.

5 PETRUS: (TRIOMFANTLIK) Ons Verlosser leef, Meneer die Sipier! Jy kan maar glo wat ou Petrus vandag vir jou sê. Hy leef! En Hy wil ook *jou* Verlosser wees.

6 BEWAARDER: (SARKASTIES) Van wie moet jou danige Verlosser *jou* – en nou ook *my* - verlos? Van Rome? Rome heers! Nero is Keiser – MY keiser! Nero is god. En hy duld nie sulke praatjies nie. Ek ook nie. (KWAAD) Laat ek loop voor ek my vir `n seniele ou man vererg. En val in jou maai in as jy op die trap wil bly staan.

VOETSTAPPE BEWEEG WEG, MAAR STEEK VAS AS PETRUS HOM AGTERNA ROEP)

7 PETRUS: (HARD EN MET OORTUIGING) Daar is net één God en dit is die God van Abraham! En Jesus Christus is die Seun van God, die Gesalfde van God, die Verlosser!

8 BEWAARDER: (BEWEEG AL PRATENDE NADER)

Het jy gesê: Christus? So, jy's ook een van daardie Christene? Dalk hulle leier? Dis waarom jy nie by die ander spul is nie.

1 PETRUS: Ja. (TROTS) Ek is Petrus, die Rots. My Meester het my daardie naam gegee. Vir jare was ek die leier – eers in Jerusalem, toe in Sesarea, vir `n tydjie in Antiogië, ook in Korinte en omstreke en later ook hier in Rome.

2 BEWAARDER: (SMALEND) Soos `n goeie hond loop jy toe ook in jou oproerige Meester se spore.

3 PETRUS: (RUSTIG) Ons is nie oproermakers nie, Meneer die Sipier. Ek was in Rome om sy verstrooide kudde op te pas toe ek gevang is. Waarvoor weet ek nie.

42 BEWAARDER: (VERONTWAARDIG) Jy wéét nie! Ruik jy nie die stank van rook en smeulende gebeentes en verrottende lyke nie? En is jou ore doof vir die geweeklaag van die vroue daarbuite. Die hele Rome treur … oor die dood van Rome in `n brand wat *julle Christene* gestig het, en jy sê jy wéét nie?

5 PETRUS: (RUSTIG) Die Christene het nie die brand gestig nie, Meneer die Sipier. Ons het ons vyande lief, draai die ander wang en gee aan die keiser wat die keiser toekom. Dis wat ons Meester ons geleer het.

6 BEWAARDER: Mooipraatjies! Dit gaan jou niks help met die verhoor nie, Meneer die Rots. Ons deurlugtige keiser is god. Hy weet alles! En hy het gesê dit was julle Christene wat die brand gestig het. (OORGANG. SAGTER, BY HOMSELF) Dié ou man is kinds, maar dis soms juis hulle wat met moord wegkom. Dalk moet ek net seker maak.

BEWAARDER BEWEEG WEG, MAAK `N DEUR OOP, ROEP VANAF `N AFSTAND NA BUITE:

1 BEWAARDER: Cirenius, ketting hierdie gevangene aan `n wag vas. Gebruik sommer vir Servus daar by jou. (KORT POUSE) Ja, en verdubbel die wagte hierbuite. Dadelik! (TOT HOMSELF) Ek waag nie my kop vir `n seniele ou man wat dit dalk met omkopery of bogpraatjies tog regkry om te ontsnap nie. (MINAGTEND) `n Engel? Gmff!

VOETSTAPPE WAT NADERKOM EN GEKLINGEL VAN KETTINGS. TRAPPE WORD AFGEKLIM. GESTEUN EN GESKUIFEL EN GELUID VAN KETTINGS. VOETSTAPPE VAN WAGTE BEWEEG WEER WEG. KLIM TRAPPE OP.

2 BEWAARDER: (KLEIN ENTJIE WEG) A.a.a, dis beter. Só sal hy nie kan wegkom nie. (NADER, SARKASTIES) Geselskap vir jou, ou man. Jy kan nie sê dat ons nie omsien na ons 'gaste' nie. (OORDREWE HOFLIK) Maar wag, laat ek julle voorstel: Petrus, die Rots en Servus, die Dienaar. Mag jou verblyf in my 'gastehuis' onvergeetlik en … kortstondig wees. (BEWEEG WEG. STEEK VAS. WAARSKUWEND EN KORTAF) Hierdie keer sal jou engel jou nie veel kan help nie, ou man. (NOG VERDER. SARKASTIES) Rustige kuiertjie, Meneer *die Rots!*

SLEUTEL KNARS IN SLOT. `N DEUR SWAAI OOP. BEWAARDER BEWEEG UIT. DEUR TOE EN WORD GESLUIT.

1 PETRUS: (MET WRANGE IRONIE) Meneer die Rots…

2 SERVUS : (NUUSKIERIG) Waarom noem hy jou só?

3 PETRUS: My Meester het my dié naam gegee. Petrus, die Rots. Eintlik was my naam Simon. (TREURIG-SKAAM) Maar eergister was ek wéér, soos soveel kere in die verlede, alles behalwe `n rots. Ek het wéér gevlug … my Meester verloën… soos meer as dertig jaar gelede. (POUSE) Maar hierdie keer was daar nie `n haan wat gekraai het nie …

4 SERVUS: Jy praat in raaisels, Vader Petrus. Maar praat gerus. Die dae is lank as twee mense aan mekaar vasgeketting sit. Servus luister.

5 PETRUS: (BY HOMSELF, SOOS IEMAND IN `N DWAAL) Toe Rome brand, het ek gebly… gehelp waar ek kon. Toe kom die soldate en keer my Meester se kudde aan. (POUSE) Toe vlug ek weer – soos destyds in die binnehof van die huis van Kajafas, die Hoëpriester. (GEBROKE) Toé het ek gesweer dat ek Jesus van Nasaret nie ken nie. Driemaal. Toe kraai die haan… en Hy draai om … en kyk net stil na my met sy hartseer … liefdevolle oë.

6 SERVUS: (NUUSKIERIG) En toe? Kon jy darem weer met Hom praat voordat Hy dood is?

1 PETRUS: Ja, maar eers ná sy opstanding - daar by die Meer van Galilea. Ek het daardie oggend weer in daardie onvergeetlike oë gekyk en … gehuil en gesweer dat ek Hom liefhet. Driemaal.

2 SERVUS: Het hy jou vergewe?

3 PETRUS: (POUSE. GEBROKE) Driemaal het Hy gesê dat ek sy lammers moet laat wei, sy skape moet oppas. Ek, die Rots, het belowe. Met hart en siel belowe … (OORGANG) Vir jare het ek woord gehou, die blye boodskap verkondig, selfs in sy Naam wonders gedoen. En nou, met die heel eerste toets, het ek wéér gefaal. Ek het sy kudde nie opgepas nie. Ek het wéér gevlug. Hierdie keer … uit Rome en … my Meester wéér in die aangesig van gevaar verloën.

4 SERVUS: As jy gevlug het, hoekom sit jy dan nou hier?

5 PETRUS: Ek het my Meester in die steek gelaat, maar Hy het *my* nie in die steek gelaat nie. (POUSE) Op die Via Appia het ek Hom ontmoet. Ek het gevra: "Domine, quo vadis?" Hy het droewig gesê: "Ek gaan na Rome om wéér `n keer gekruisig te word." (POUSE) Toe draai ek om, terug katakombes toe. Ek was besig om sy bang en verstrooide kudde weer bymekaar te maak en moed in te praat toe die soldate daar inbars… Waar die gelowiges nou is, weet ek nie.

6 SERVUS: `n Klompie is ook hier, in `n ander groot sel. Almal bymekaar.

1 PETRUS: (HOOPVOL) Dan het die meeste dalk ontvlug. Daar was honderde gelowiges byeen. Ek weet dat party dieper die katakombes in gevlug het. `n Klompie is gevang – saam met my. Maar toe skei hulle ons. (POUSE, SAGTER) Ek kan hulle nou nie eers bemoedig nie, want ek is van hulle geskei.

2 SERVUS Is jy dan hulle leier?

3 PETRUS: Jy kan seker so sê. Ek het maar altyd baie gepraat en vóór gestap. Selfs toe die Meester nog by ons was – voor sy kruisiging.

4 SERVUS: Wie is jou meester? En hoe kan hy twee keer gekruisig word? Niemand oorleef `n kruisdood nie.

5 PETRUS: Jesus van Nasaret. Só het almal Hom geken. (STERKER, MET OORTUIGING) Hy is die Messias, die Christus, die Gesalfde van God! (OORGANG. SAGTER) Hy is op Kopbeenkoppie gekruisig, buite Jerusalem, net voor die aanbreek van die Pasga. Maar Hy het die dood oorwin – na drie dae opgestaan uit die dood – soos Hy belowe het.

6 SERVUS: (BELANGSTELLEND, MET ONDERDRUKTE OPGEWONDENHEID) Presies wanneer was dit?

7 PETRUS: (STADIG, NADENKEND) Tiberius was toe nog keiser. En die vervloekte telge van Herodes was nog op die troon van Israel. (MINAGTEND) Esausgeslag! (POUSE) Net in Judea het die geslag van Herodes nie meer die septer geswaai nie. Pilatus was die Romeinse prokurator wat dáár beheer uitgeoefen het.

1 PETRUS: (OORGANG. HARTSEER) Dit was ook hý wat my Meester aan hulle oorgegee het om gekruisig te word.

2 SERVUS: Maar dáárdie Jesus is dood. Morsdood en begrawe. Hoe kon jy op die Via Appia met Hom gepraat het?

3 PETRUS: Wat weet jy van daardie gebeure byna 35 jaar gelede? Jy's nog `n bogkind en buitendien `n Romein.

4 SERVUS: (ONTWYKEND) O, ek het ook maar stories gehoor. Hier's baie Jode in Rome. Het natuurlik niks daarvan geglo nie. Verstaan nie juis julle Jode se dinge nie. Ook nie julle godsdiens nie. Dis `n vreemde godsdiens. Net één god en dan is Hy nog onsigbaar.

5 PETRUS: Daar IS net een God – onsigbaar en alomteenwoordig. Julle gode is dooie beelde. En julle keisers is mense soos ek en jy, nie gode nie.

6 SERVUS: Versigtig, Vriend. As iemand jou hoor, is dit klaar met jou. (OORGANG) Julle godsdiens is ook maar deurmekaar en vreemd vir ons. Laat ons nie mekaar se godsdienste afkraak nie.

<u>GESTEUN VAN OU MAN WAT STRAM OPSTAAN. KETTING SLEEP EFFENS.</u>

7 PETRUS: Jy's reg. (STEUNEND) `n Mens se godsdiens lê jou baie na aan die hart. Daarom maak mense oorloë oor godsdiens. En dit beduiwel net verhoudings as mense oor godsdiens stry. (STEUN WEER) Ai tog. die ouderdom … Kan nie meer so lank plat sit nie. Moet bietjie beweeg. (POUSE) Brr r r..dis koud hier. En so donker.

8 SERVUS: Daardie twee klein venstertjie daarbo laat byna geen lig in nie.

1 PETRUS: Hierdie ou bene kan ook nie meer die koue vat nie.

2 SERVUS: Ek is nog jonk en ek kry ook koud. Maar wag, ek het `n lekker warm kleed daarbo. Ek sal dit kry, dan kan jy my mantel kry. (ROEP HARD NA BO) Cirenius, gooi ’seblief my bo-kleed af. Dis koud hieronder.

3 PETRUS: (WAARDEREND) Jy’s `n goeie seun, Servus … al is jy `n Romein.

4 SERVUS: Alle Romeine is nie sleg nie, soos wat alle Jode nie goed is nie.

5 PETRUS: Dáárdie les het ek lankal geleer. Die offisier van Kapernaum was `n goeie man, so ook Kornelius van Sesarea. En toe ek en Hanna, my vrou, saam op reis gegaan het, lank nadat die Meester teruggegaan het na sy Vader toe, het ons baie goeie Romeine teëgekom. (POUSE) Jy’s ook een van hulle. Julle is nie almal verdrukkers nie … al dink julle mense en beelde kan gode wees …

SLEUTEL KNARS IN SLOT. DEUR OOP. TWEE KORT STAPPIES. STEM BO VAN TRAPPE AF:

6 STEM: Dé, vang!

7 SERVUS: Dankie, Cirenius,

BEWEGING BO. DEUR TOE. SLEUTEL KNARS IN SLOT.

8 SERVUS: Dé, hiers my mantel. Ek sal my bo-kleed gebruik. (BEWEGING)

9 PETRUS: Vreemd om `n Romein met só `n bo-kleed te sien. Dis `n tipiese Joodse een. Julle is mos eintlik manteldraers. (POUSE) Maar wag, wag bietjie, laat ek sien?

1 SERVUS: Wat wil jy sien?

2 PETRUS: (OPGEWONDE) Die kleed. Staan bietjie nader? (POUSE. HEES FLUISTEREND) Waar kry jy dit?

3 SERVUS: By my pa.

4 PETRUS: Waar het hy dit gekry?

5 SERVUS: Gekoop. Hier in Rome.

6 PETRUS: Wanneer?

7 SERVUS: `n Paar jaar gelede.

8 PETRUS: Waar? By wie?

9 SERVUS: (HUIWER `N OOMBLIK) By … by `n Joodse weefster … in die Joodse woonbuurt. Hier … hier in Rome.

10 PETRUS: (DRINGEND) Was jy by? Het jy dit sélf gesien?

11 SERVUS: Ja. Hoekom vra jy so baie vrae?

12 PETRUS: Dit lyk net soos my Meester se kleed. Presies net so. Dik en warm en bruin. In een stuk geweef.

13 SERVUS: (ONGEËRG) Dis logies. Dit was `n Joodse weefster. Dalk het sy ook destyds jou meester se kleed geweef. Daar was `n hele paar van hulle in haar huis. Almal was te koop. Splinternuut.

14 PETRUS: (TELEURGESTELDE STILTE) Jammer. Ek het vir `n oomblik gedink … Toemaar. Mens sien ook maar sleg in hierdie dowwe lig.

15 SERVUS: Alles reg. Dis seker ons geselsery oor jou meester wat jou aan sy kleed laat dink het. Maar jou verhaal is interessant, al verstaan ek nie veel nie.

1 PETRUS: Jy sal ook nie. Nie so gou nie. Ons het ook nie verstaan nie. Nie een van ons nie. Miskien net Johannes. Veral ek … en Judas Iskariot en Simon die Seloot het niks begryp nie. Ja, en Tomas ook nie (WRANG) Selfs die vroue het soms beter as ons verstaan. (OORGANG) Ja, hierdie ding van Jesus as die Seun van God het ook óns nie mooi begryp nie.

2 SERVUS: Maar wie het gesê dat hy die Seun van God is?

3 PETRUS: Ek. En Hyself. Daardie dag by Sesarea Filippi waar Keiser Augustus vereer is en Filippus homself wou verewig. Ons het in die veld gestap, daar by die grot waar die altaar van die natuurgod Pan staan. Al die gode en altare het daartoe gelei dat ons oor die baie gode van die Romeine gepraat. Toe vra die Meester: “Wie, sê die mense, is Ek?” Ons het geantwoord: “Party sê Johannes die Doper, party Elia, ander Jeremia of een van die profete.” En toe vra Hy: “Maar julle, wie sê julle, is Ek?”

Voortvarend soos altyd, was ék die een wat geantwoord het: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

4 SERVUS: So, julle het darem nou twee gode: julle onsigbare god en nou ook sy seun. Dit lyk my julle begin stadigaan die lig sien.

5 PETRUS: Nee, nie twee gode nie. Net een God – ons Vader in die hemel, want Jesus en sy Vader is Een. Hyself het ons dit geleer. Ons het dit destyds nie mooi begryp nie. Ekself verstaan dit nou nog nie heeltemal nie, maar ek GLO dit, want Hy het dit gesê. Talle male.

1 SERVUS: Jy verstaan nie, en tog is dit JY wat gesê het dat hy die Christus is, die Seun van God? Wat het jou daardie woorde laat sê?

2 PETRUS: Die Meester het daardie vraag beantwoord. Hy het gesê: "Gelukkig is jy, Simon Seun van Jona, want dit is nie `n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. Ek sê vir jou, jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

3 SERVUS: So, dis hoe jy die naam Petrus gekry het.

4 PETRUS: (PEINSEND. MEER BY HOMSELF) Ja, soms was ek Petrus, vir die Grieke was ek Cefas. Soms was ek Simon Petrus, en soms net Simon. (POUSE) STERK, was ek Petrus. SWAK, was ek Simon. Maar ek was meermale Simon as Petrus. Een oomblik loop die sterke Petrus op die water, die volgende oomblik sink die swakke Simon in die golwe weg. *Dit was die patroon van my hele lewe*. (POUSE. DANKBAAR) *Maar altyd was HY daar – altyd dáár om my hand te gryp as ek in die stormsee wou wegsink...*

5 SERVUS: Wat het die ander dissipels oor hierdie … openbaring dat hy julle Messias was, te sê gehad?

6 PETRUS: Hulle was baie verward. Die Meester het ons beveel om dit vir niemand te sê nie. Toe het Hy eenkant toe gestap om te bid. Hy het dit dikwels gedoen. Ja, daardie dag het alles verander. Tot op daardie dag het ons almal gewonder – veral ná die baie wonders wat Hy verrig het: *Wie is Hy? Wie is die ware Jesus?"*

1 SERVUS: Die ouer Romeinse soldate vertel dat sommige van hulle hom vir `n towenaar aangesien het – oor die wonders wat hy kon doen.

2 PETRUS: (BITTER) Sommige ongelowiges onder die Jode het gesê Hy genees siekes omdat Hy Beëlsebul is: "Baäl van die vlieë en van siektes, owerste van die demone". (OORGANG. OPGEWONDE) Maar by Sesarea-Filippi het alles skielik verander: die geheim was uit: Hy is die Messias, die Seun van God! Dit was `n keerpunt. Toe het ons drome begin droom en ons ware kleure begin wys …

**Toneel 2: Vier dissipels in die veld naby Sesarea-Filippi.**

DOOF UIT. POUSE. DOOF IN VIR `N TERUGFLITSTONEEL. VOËLGETJIRP EN VOETE WAT OP GRUIS STAP. SAGTE GEMURMEL VAN GESELSENDE STEMME. DOOF STEL-MATIG IN.

3 (JONG) PETRUS: (OPGEWONDE) Die Messias? Het jy gehoor, Judas? Hy het openlik erken dat Hy die Messias is?

4 JUDAS: (VERWONDERD) Ek kan dit nie glo nie, Simon. Die Messias? (OPGEWONDE) Uiteindelik gaan die koninkryk van Dawid weer in al sy glorie herleef! En EK sal die *skatmeester* wees! Ek sal die vervloekte Romeine laat betaal totdat hulle leeggetap is … soos hulle óns nou leegsuig!

5 PETRUS: Ja, Judas Iskariot. Jy dink ook net altyd aan geld. Jy's al een onder ons met geld, want jy dra ons beurs. Kry jy nooit genoeg van geld nie?

1 JUDAS: Jy kan maklik praat, Simon Seun van Jona. Jou pa het visserskuite en julle leef lekker. Daarom kan jy sonder kommer agter die Meester aanloop. Jy weet jou pa en broers sal sorg en jou vrou is veilig en versorg. Ek's nie so gelukkig nie.

2 PETRUS: Sonder kommer? Jy ken nog nie mý Hanna nie, Judas. Sy was soos `n leeuwyfie toe ek en Andreas by die huis weg is om Jesus se dissipels te word. Het ons uitgeskel vir lamsakke wat ons familie in die steek laat en ons verantwoordelikhede as broodwinners wil ontduik deur agter die soveelste valse messias aan te loop.

3 JUDAS: Toemaar. Sy sal `n ander deuntjie sing as ons in hoë posisies in die Messiaanse Ryk sit en sy in weelde rondlê en van kop tot tone deur slawe bedien word …

4 PETRUS: Sy sing klaar `n ander deuntjie oor Jesus. Daardie dag toe Jesus haar ma van die koors genees het, het sy soos `n handomkeer verander. Sy dra Hom nou op die hande as ons daar kom. Maar sy vind dit steeds moeilik om te aanvaar dat ons mekaar so min sien.

5 JUDAS: Gelukkig het ek g'n vrou, kind of kraai wat soos `n meulsteen om my nek hang nie.

6 PETRUS: Daarom kan ek nie verstaan waarom jy so behep is met geld nie.

7 JUDAS: Geld maak deure oop, ou vriend. (BEGEESTERD): Ek wil ryk wees. Ek wil geken en geag word. Ek wil in die voorste gestoeltes in die sinagoges sit, op die straathoeke gegroet word en na maaltye toe uitgenooi word…

1 JOHANNES: Dink jy dié dinge gaan jou gelukkig maak, Judas? Sonder die liefde, is al hierdie dinge net klinkende simbale.

2 JUDAS: (MINAGTEND) Ag, Johannes. Jy met jou ewige stories oor liefde? Jy's `n man, nie `n sentimentele vroumens nie! Jy kan eerder hierdie grootbek, Simon, `n leë, klinkende simbaal noem.

3 PETRUS: (DROOG) Ek vat dit van wie dit kom, Judas Iskariot. Onthou net: Al die instrumente is nodig om musiek te maak. Simbale ook.

4 JUDAS: (MYMEREND) Klinkende simbaal? Miskien is dit tog nie so sleg nie. Dit laat dink aan die geklingel van geld - die soetste klank op aarde! Dit sal die mooiste musiek op aarde wees as dit die vervloekte Romeine se belastinggeld kan wees! Soete wraak!

5 JOHANNES: Wat jy dus eintlik soek, Judas, is geld en eer en wraak?

6 JUDAS: Ja, Johannes. En *mag*! As ék verbystap, moet die mense gaan stilstaan en vir mekaar fluister: "Daar stap Judas Iskariot, die Messias se skatmeester. (OORGANG) Vergeet van liefde, Johannes. (MET NADRUK) Ek wil mag hê. En geld is mag!

7 PETRUS: (VURIG) Nie in die Messias se ryk nie, Judas. Sy ryk sal die aarde omspan. Daarvoor is *militêre mag* nodig. En dit is waar ék nodig sal wees. Ek sal vir Jesus wees wat Joab vir Dawid was.

8 JUDAS: (SUUR) Ja Simon-Petrus, jy sál seker die eerste in sy koninkryk wees, want Hy het jou mos netnou 'die Rots' genoem. Selfs gesê dat Hy op hierdie rots sy ryk sal bou.

1 JOHANNES: Ek loop liewer as om na dié soort praatjies te luister. Ek wil bietjie na die Pan-altaar in die grot gaan kyk.

2 PETRUS: Ag, Johannes, wat voeter jy in dié onrein plek agter Romeinse afgode aan? `n Aanbidder van die ware God, `n kind van Abraham en volgeling van die Messias, hou hulle nie met afgode en ander gode op nie. Jy maak jouself onrein deur daar in te gaan.

3 JOHANNES: Ek wil vriende maak, Simon-Petrus. Jesus het gesê dat ons ons vyande moet liefhê. Ek wil die Romeine ken en verstaan. Hulle is oral tussen ons. As ons wil oorleef en saamleef, moet ons hulle ken en weet wat hulle dink en wat hulle glo. (OORGANG) Buitendien, Jesus het vir ons geleer dat dit nie die dinge van buite is wat ons onrein maak nie, maar die dinge wat hierbinne is – in jou eie hart. `n Altaar van `n ou natuurgodjie kan my nie onrein maak nie.

4 PETRUS: Die Wet sê anders. Ons moet onrein dinge nie aanraak nie, onrein plekke nie binnegaan nie en afgode en onbesnedes vermy.

5 JOHANNES: Dan oortree die Meester hierdie wette gereeld. Hy raak onrein melaatses en duiwelbesetenes aan as Hy hulle genees, Hy eet saam met tollenaars en prostitute, genees ook onbesnedenes en vertel vir Samaritane van die Koninkryk van die hemel. HY het my geleer dat hierdie dinge jou nie onrein kan maak nie. Ek sal selfs in *Tiberias* gaan woon en werk as ek moet, al is die hele stad op `n onrein begraafplaas gebou! Sien julle netnou.

VOETSTAPPE BEWEEG WEG.

1 TOMAS: (NUGTER) Nie *jy*, Judas, of *jy*, Simon Bar-Jona, sal die ereposisie aan die Messias se regterhand beklee nie. Dáár stap die man! Johannes en Jakobus is Jesus se neefs en Johannes verstaan Hom beter as enigeen van ons. *Hulle* sal die ereplekke aan sy linkerhand en regterhand kry!

2 PETRUS: Ek stem saam, Tomas. Maar ék sal tevrede wees om sy *leërowerste* te wees. Dan sal daardie twee 'seuns van die donder' dalk `n bietjie meer respek vir 'Grootbek Simon' kry. Ja toemaar, ek weet dis wat julle my noem! Sjoe! Jakobus is darem `n vuurvreter. Tipiese Galileër. En Johannes is so sterk soos `n os. Ook maar gelukkig hy's so saggeaard. Maar mens soek in elk geval nie skoor met enige seun van Sebedeus en Salome nie.

3 TOMAS: Ja, Salome is `n ander storie. Daardie eersugtige ma van hulle sal sorg dat sy hulle in hoë plekke ingewurm kry.

4 PETRUS: Hulle humeure en groot krag en verwantskap met die Messias gaan hulle niks help in `n oorlog met die Romeine nie. (SAGTER) Wat *nou* nodig is, is dat meer van julle by die Seloteparty moet aansluit. Hulle twee ook. Daar is geen ander uitweg nie. (GEHEIMSINNIG EN SAG) Kom kyk hier. Dit wat ek hier het, is wat ons almal nodig sal kry as die oorlog uitbreek.

<u>VOETBEWEGINGS. AFWAGTENDE STILTE.</u>

5 JUDAS: Wat? `n Kortswaard? Waar kry jy dit?

1 PETRUS: (VERSIGTIG, GEHEIMSINNIG) Ek en Simon Selotes is al lankal nie net meer gewone lede van die Seloteparty nie. Ons is ingelyf as lede van hulle militante vleuel, die Dolkdraers. Ons almal dra óf dolke óf kortswaarde onder ons mantels. Die vyand mag nie weet dat ons dit het nie. En ons wag ons kans af.

2 TOMAS: Waarvoor?

3 PETRUS: (VURIG) Vir die groot dag as die Messias ons in die oorlog gaan lei en die Romeinse leër gaan verpletter.

4 TOMAS: (SARKASTIES) En waar, *leërowerste Petrus*, dink jy, gaan julle al die wapens kry om teen die magtige Romeinse arend te veg? Hoe ver gaan julle met kortswaarde en dolke kom?

5 JUDAS: Om van die Romeine se getalle-oorwig nie eers te praat nie! Hierdie keer is Tomas reg, Simon die Rots. Toe, sê vir ons, waar gaan julle iets kry wat enigsins teen die magtige oorlogsmasjien van Rome kan opweeg?

6 PETRUS: (VIES) Ag, julle twee, bly liewer stil as julle niks beters kan kwytraak nie. (OORGANG) Tomas. Moet jy altyd soos `n nat lap wees? Elke vuurtjie wat begin opvlam, smoor jy dadelik dood.

7 TOMAS Jy antwoord nie ons vraag nie. Waar gaan julle dit kry?

8 PETRUS: (MET OORTUIGING) By die Meester, natuurlik! (SAGTER) Onthou julle nie hoe Hy die vyf brode en twee vissies voor ons oë vermeerder het om duisende mense te voed nie, en hope kos het oorgebly!

1 TOMAS: (NUGTER) Ek sê nog steeds dat al daardie mense kos saamgeneem het. Hulle was net selfsugtig en wou nie deel wat hulle het nie. Toe Jesus die seuntjie se broodjies en vissies begin uitdeel, het hulle stilletjies hulle eie kos uitgehaal en dis hoe die kos vermeerder het.

2 PETRUS: (WOEDEND) Tomas, jy hoort nie in hierdie dissipelkring nie! As DIT nie `n wonder was nie, wat dan van al sy ander wonders?

3 JUDAS: Ja, hoe verklaar jy die genesings van die melaatses, blindes, dowes, duiwelbesetenes? Toe, sê vir ons! (SARKASTIES) Het ons briljante Meneer Tomas ook verklarings vir dáárdie wonders?

4 JOHANNES: Liewe aarde, staan julle nog steeds en stry?

5 JUDAS: Jy's gou terug, Johannes.

6 JOHANNES: Nie veel om te sien nie. Maar ek hoor arme Tomas loop weer deur.

7 THOMAS: (NUGTER EN BEREDENEERD) Ek kan nie help dat ek oor alles nadink nie. Ek kán eenvoudig nie alles wat ek hoor, sommer net so aanvaar nie. Ek glo net wat ek kan sien en verstaan. (OORGANG) Hierdie ding van vanoggend – Simon-Petrus se storie dat Jesus die Seun van God is. Ook die stories dat Hy uit `n maagd gebore is. Dis mos onsin! Ons weet mos almal Jesus se ouers is Josef en Maria. En g'n mens kan uit `n maagd gebore word nie!

8 PETRUS: As God uit die verstorwe moederskote van Sara en Elisabet kinders soos Vader Isak en Johannes die Doper kon laat voortkom, kan Hy ook uit `n maagd `n kind gebore laat word.

1 JOHANNES: Buitendien, die profeet Jesaja het mos gesê dat dié Een wat uit `n maagd gebore sal word, Immanuel sal wees: God met ons. Is Jesus, Seun van God, dan nie ‘God met ons’ nie? Ek begin dink daardie profesie van Jesaja het nou in óns tyd eers regtig sy volle betekenis gekry – in Jesus!

2 TOMAS: Ons is weer terug by die ou strydvraag: *“Wie is die ware Jesus?”* en “Wie is ek? Waar pas ek in?”

3 JOHANNES: Waarom stry julle oor dinge soos hierdie? *Wie Jesus is, sal elkeen van homsélf moet ontdek*. Hy is verskillende dinge vir verskillende mense. Hy werk ook op verskillende maniere met verskillende mense. Daarom help dit ook nie om te stry oor waar wie inpas nie. Op sy tyd sal Hy ons elkeen gebruik sóós en wáár Hy ons nodig het.

4 PETRUS: Ek weet ek is te haastig. Ek wil resultate sien. Ek kan nie wag nie. En ek het nie geduld met lamsakke nie.

5 JOHANNES: Petrus. Wie jy vir `n lamsak aansien, is dalk in God se oë `n geloofsheld. Ons moet ophou om mense wat anders as onsself is, of wat anders dink, af te kraak. Ons geaardhede, alles wat ons het en is, kom van God af. Elkeen gebruik die gawes wat hy het, verskillend: Judas om geld te maak, Petrus om planne te bedink om die Messiaanse Ryk te vestig en Tomas om alles te verstaan en te deurgrond. Hy kan selfs mense met verkeerde motiewe gebruik om sy doel te dien.

1 PETRUS: En jý gebruik jou gawes om van vyande vriende te probeer maak! Met dié spul Romeinse onderdrukkers en afgodsdienaars gaan jy nie ver kom nie.

2 JUDAS: Johannes, dink jy ook soos Simon-Petrus dat die Meester militêre geweld sal gebruik om sy Ryk te stig?

3 PETRUS: (VURIG) Natuurlik moet Johannes saamstem! Hoe sou Dawid se ryk gelyk het as dit nie vir sy oorloë was nie? Of Alexander die Grote of Julius Caesar se ryke? Geen ryk op aarde het ooit uitgebrei sonder militêre mag nie. En die Messias gaan die heerser oor `n magtige wêreldryk word. So is dit voorspel.

4 TOMAS: (SARKASTIES) En met Jesus se wonderkragte sal ons seker alles tot ons beskikking hê wat ons nodig het?

5 JUDAS: Ja Tomas. (ENTOESIASTIES) Met só `n Messias sal ons in die geld rol! Ons sal net soveel wapentuig kan koop as wat ons nodig het.

6 PETRUS: Koop? Watwou! Soos wat Hy die brode vermeerder het, kan Hy mos die swaarde ook vermeerder! En wapentuig en soldate …

7 TOMAS: Ag nee, Simon. Jy glo dit tog nie! Jesus kan nie soldate maak nie. (SPOTTEND) Of dink jy dalk die profeet Esegiël se profesie oor die doodsbeendere wat lewendig word, gaan deur Hom vervul word?

1 PETRUS: (MET OORTUIGING) Hy is die Messias, die Gesalfde, die *Seun van God*, Tomas. Kry dit in jou kop. Hy kan *enigiets* doen! Hy gaan ons verlos! Glo dit net! Jesus is ons Verlosser!

2 TOMAS: Hy sal my eers moet oortuig. Op die oomblik is ons baie deurmekaar. Ek weet regtig nie presies wat ek – of julle – glo nie. (STADIG EN AFGEMETE) Ek dink ons gaan nog lank soek na antwoorde op vrae oor wie die ware Jesus is.

3 PETRUS: (ONGEDULDIG) Mors maar jou tyd op onsinnige vrae wat niemand kan beantwoord nie. Maar onthou net, as jy die dag dink jy verstaan God, is jy met `n afgod besig, want dan is jy groter as hy. (KORTAF) Glo jy wat jy wil. Ek wéét wat ek glo! Ek loop!

**Toneel 3: Terug in die tronksel.**

DOOF UIT. KRUISDOOF MET TRONKGELUIDE VIR `N TERUGKEER NA DIE TRONKTONEEL

4 SERVUS: Wat `n vreemde verhaal. Wat `n vreemde groep dissipels.

5 OU PETRUS: As jy die res hoor, sal jy dit nog vreemder vind. Toe die Meester weer by ons aansluit, het Hy so byna al ons drome verpletter.

6 SERVUS: Hoe so?

7 PETRUS: Hy het seker besef hoe erg ons dwaal. Daarom het Hy ons bymekaargeroep en vir die eerste keer duidelik en onomwonde vir ons gesê dat Hy nie gekom het om `n aardse koning te wees nie, maar om in Jerusalem as die Lam van God aan die hand van sy eie mense te ly en te sterwe. DIT het ons allermins verwag!

1 SERVUS: `n Verlosser wat deur dié wat Hy moet verlos, doodgemaak word?

2 PETRUS: Hy het ook gesê dat Hy op die derde dag weer uit die dood sal opstaan.

3 SERVUS: Het julle Hom geglo? Wat het julle gesê?

4 PETRUS: Die dissipels was verslae, maar ek het dit nie daar gelos nie. (OORGANG) Ek kry nou nog skaam as ek aan my voortvarendheid, nee ... *vermetelheid* van destyds dink.

5 SERVUS: Wat het jy gedoen?

6 PETRUS: Ek het die Meester eenkant toe geroep vir hom te sê: "Meester, hoe *kan* U sulke dinge kwytraak? Die Messias gaan ons van ons vyande verlos! Hy gaan `n wêreldryk stig wat tot in ewigheid sal bestaan! Hoe kán U van lyding en verwerping en vernedering en … dood praat? Almal sal U verlaat as U met sulke praatjies kom!"

7 SERVUS: Hoe het Hy gereageer?

8 PETRUS: Hy't my streng aangekyk en gesê: "Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My `n struikelblok. Jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."

9 SERVUS: Satan? Wie is Satan?

10 PETRUS: Die groot teenstander van God, die Vader van die leuen. Waar God net heiligheid en lig en liefde is, is hy net duisternis. Só het die Meester hom beskryf.

11 SERVUS: Nogal snaaks. Een oomblik noem hy jou Petrus, die volgende oomblik Satan. Die dissipels het seker lekker gekry?

1 PETRUS: Ek het hulle aanvanklik niks van ons gesprek gesê nie. Dit was vir my, so kort nadat Hy my Petrus genoem het, `n galbeker om te drink. Ek wou ROME se vyand wees, nie GOD s'n nie. (OORGANG. SUGTEND) Ag, ons het alles so verkeerd verstaan.

2 SERVUS: Hoe het dié onthulling julle optrede beïnvloed.

3 PETRUS: Omdat ons nie verstaan het nie, het ons gou weer teruggeval in ons ou maniere van dink. Aan geesdrif het dit ons ook nie ontbreek nie. Ek en Simon Selotes was die enigste *sicarii̇̈* of dolkdraers onder die dissipels. Nie een van die ander was eers gewone Selote nie.

4 SERVUS: Selote? Wie was hulle?

5 PETRUS: `n Joodse party wat geglo dat hulle Israel met wapengeweld moes bevry van hulle oorheersers. Ons wou meer mense werf, maar het ons tyd afgewag.

6 SERVUS: Waarvoor?

7 PETRUS: Vir die hele volk om hulle agter Hom te skaar. Al hoe meer mense het aan Hom begin dink as die Een wat sou kom. En ons sou sy leërmag wees wat Hom op die wêreldtroon sou plaas.

8 SERVUS: Waarom was hierdie … Jesus so gewild?

9. PETRUS: (NADENKEND) Dit was nie net sy wonderwerke nie. Ook sy leringe. Hy het met gesag gepraat – nie soos die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie. En Hy was vreesloos. Het die Joodse leiers aan die kaak gestel en hulle selfs uit die tempelvoorhof verdryf. Dit het die gesag van die leiers ondermyn.

1 SERVUS: Dit is altyd `n gevaarlike ding om leiers se gesag te ondermyn..

2 PETRUS: Ja, hoe meer bedreig die owerstes gevoel het, hoe meer het hulle Hom begin vrees. Baie het Hom begin haat – Hom gesien as `n tweede Teudas of Judas die Galileër.

3 SERVUS: Wie was hulle?

4 PETRUS: Valse messiasse wat baie ellende veroorsaak het. Baie het begin glo dat Jesus en sy volgelinge ook `n bloedbad in Jerusalem gaan ontketen. Die Joodse volk was uiteindelik in twee verdeel - broer teen broer … Die laaste week van sy lewe op aarde is alles op die spits gedryf. Die opwekking van Lasarus en veral die intog in Jerusalem was die groot keerpunt …

5 SERVUS: Ja, ek het daardie storie vroeër gehoor. Soldate wat destyds daar was, vertel dit nog steeds, miskien oor die uiteinde van die petalje.

6 PETRUS: Ja, dit was vir jou `n ding. Die intog was vyf dae voor sy dood. Hy het Jerusalem op `n donkie binnegery.

7 SERVUS: (GRINNIK GEAMUSEERD) `n Dónkie? `n Messias en Verlosser op `n donkie?

8 PETRUS: Ja, op `n donkie. Vir julle Romeine wat die perd as stryddier sien, is dit seker snaaks. Maar die Joodse skare het daarin die vervulling van `n profesie van die profeet, Sagaria, gesien – dat Israel se groot Koning op `n jong eselsvul Jerusalem sal binnekom. Die skare in die Kedrondal was mal van opwinding - onkeerbaar.

1 SERVUS: Hulle sê die Romeinse soldate en Joodse leiers het gevrees dat `n opstand sou uitbreek.

2 PETRUS: Ja, veral toe hulle Hom nét dáár tot koning wou kroon. Maar Hy het geweier.

3 SERVUS: Hy het glo … gehuil terwyl hy na Jerusalem kyk … en voorspel dat Rome eendag Jerusalem gaan verwoes. Dié storie vertel ons soldate gereeld – tot nou nog toe.

4 PETRUS: Ja. Dit was allermins wat ons wou hoor. En toe Hy ook nog weier om Hom tot Koning te laat uitroep, was ons baie verward. Die grootste deel van die teleurgestelde volk het Hom die rug toegekeer. Judas ook. Veral hy was baie bitter. Daarom het hy die Meester vier dae later verraai en uitgelewer. Maar ons ander het nog gehoop dat Hy net sy tyd afwag. Daarom het ek hom nog gevra of die twee swaarde wat ek en Simon Selotes gehad het, genoeg was. Hy het gesê dit was genoeg. Dié antwoord het die hoop weer laat opvlam.

5 SERVUS: Die hoop dat dit tóg `n militêre stryd gaan wees?

6 PETRUS: Ja. Daardie hoop het my in Getsemané die moed gegee om my swaard uit te pluk en … Hom te verdedig. Toe kap ek Malgus se oor af. Ek het soos Petrus, die rots, gevoel toe ek inspring en my Meester verdedig. Maar toe maak Hy Malgus se oor gesond … en gee Homself vrywillig oor. Sonder enige teenstand … soos `n offerlam wat ter slagting gelei word.

(OORGANG. NADENKEND) Ek was geen held nie. Ek was eintlik maar weer nét Simon … wat nie verstaan het nie, wat wéér gedoen het sonder om te dink.

1 SERVUS: Dié wat daar was, sê dit was `n onregverdige verhoor. Dat Pilatus hom eintlik onskuldig bevind het, maar dat die Jode Pilatus afgedreig het. Hy het glo geen keuse gehad nie, want hy was op daardie stadium in onguns by Keiser Tiberius.

2 PETRUS: Die "hulle" van wie jy so praat, was baie goed ingelig – en dit oor dinge van meer as dertig jaar gelede. Wie is "hulle" regtig?

3 SERVUS: (ONTWYKEND) Ag, sommer net `n oud-offisier wat destyds in Palestina was. Oumense leef mos so terug in die verre verlede. Hy praat dikwels oor daardie onregverdige verhoor en kruisiging.

4 PETRUS: Ek sien. Ja, ook die verhoor voor die Joodse Raad was een groot bedrogspul. Hulle het Hom skelm in die nag in die huise van Annas, die afgesette oud-hoëpriester en Kajafas, die destydse hoëpriester, verhoor en veroordeel. Die wettige verhoor die volgende oggend in die raadsaal by die tempel, was net vir die skyn. En hulle was so haastig om Hom dood te kry, dat hulle Hom direk na die vonnis laat kruisig het. Dit was alles teenstrydig met hulle eie wette, maar ook met julle wette. Hulle het die Pasgavierings en komende sabbat as verskoning gebruik.

5 SERVUS: (HUIWERIG) Dalk het jy … destyds daardie …offisier wat my dié dinge vertel het, gesien. Daar … by die voet van die kruis.

1 PETRUS: (POUSE. SKAAM, STAMELEND) Ek … ek was nie daar nie. Net Johannes en sy moeder … en `n paar vroue was daar. Ons ander het almal … gevlug. Ons was angsbevange. Niks het uitgewerk soos ons dit beplan of verwag het nie.

2 SERVUS: Waarheen het jy gevlug?

3 PETRUS: ‘n Paar van ons het in die Kedrondal in die graf van die profeet Sagaria geskuil. Twee dae lank, totdat gemoedere gekalmeer het.

4 SERVUS: `n Graf? Twee dae in `n graf wat deur julle Jode as onrein beskou word en dus soos melaatses vermy word? En dit tydens die Pasga?

5 PETRUS: Dit was die enigste veilige plek vir ons. Niemand sou ‘n Jood in `n onrein graftombe soek nie. (BITTER) Om te dink dat ek, die Rots, so lafhartig kon wees! Het soos `n rot in `n graf gaan wegkruip!

6 SERVUS: As jy nie gevlug het nie, het hulle jou dalk ook doodgemaak. Jy was mos die leier onder sy volgelinge, of hoe?

7 PETRUS: Ja, dit was `n angsvolle tyd vir baie. Selfs Lasarus, wat Hy uit die dood opgewek het, en sy susters, Maria en Marta, was nie by die kruis nie. Die Joodse leiers wou Lasarus ook doodhê.

8 SERVUS: Maar waarom?

9 PETRUS: Daardie opwekkingswonder het die hele Jerusalem op hol gehad. Op die vooraand van die Pasga het die stad gewemel van vurige pelgrims met `n Messiaanse visie en `n haat vir al wat Romein is. Die Joodse leiers het gedink dat `n bloedbad onafwendbaar is.

10. SERVUS: Ek sien. En dus moes almal wat tot die bloedbad kon bydra, sterf.

1 PETRUS: Ja. Ek was bang ek is een van hulle. Daarom het ek weggekruip. (OORGANG. PEINSEND) Maar Hanna was daar. Sy en die ander vroue. Mý Hanna - op haar pos, soos altyd, maar op `n afstand.

2 SERVUS: Dit lyk my jy het `n interessante vrou. Vertel my meer van haar. Jy het gesê sy was eers kwaad toe jy en jou broer Jesus gevolg het, en toe het Hy haar ma gesond gemaak.

3 PETRUS: Ja. Dit het alles verander. Na Jesus se dood en hemelvaart het ek nog tien jaar in Jerusalem en Sesarea gewerk. Toe besluit ek dat ek nou verder moes gaan. Die Meester se opdrag was dat ons die boodskap tot aan die eindes van die aarde moes bring. Toe ek nog dink ek pak *my* sak, toe was *haar* sak ook gepak. Daar was geen keer aan haar nie.

**Toneel 4: Petrus en Hanna in of voor `n Bybelse huis.**

DOOF UIT. KRUISDOOF MET HUISLIKE GELUIDE OP AGTERGROND (DALK LAGGENDE KINDERSTEMME).

4 (JONG) PETRUS: Maar Hanna, jy kan nie saamgaan nie. Dié soort lewe is g'n lewe vir `n vrou nie!

5 HANNA: (VASBERADE) Vir dertien jaar het ek alleen die mas opgekom. Ek het jou nooit gekeer nie. Nou is die kinders groot en getroud. Hulle het hulle eie gesinne. Die seuns het die visserskuite na Pa se dood oorgeneem. Ons het al die jare niks van mekaar gehad nie. Ek gaan saam!

1 PETRUS: Maar Hanna, dis `n woeste wêreld daarbuite. Baie ontberinge op die pad. Rowers oral. Geen geriewe nie. Bly hier, my vrou. Ek sal baie meer gerus wees as ek weet jy is versorg en veilig by die kinders.

2 HANNA: Petrus, ek het jou altyd jou sin gegee. Ek het nooit gekla nie. Maar hierdie keer wil ek ook my deel doen. (PLEITEND) Ek wil ook iets vir Jesus doen. Hy het soveel vir my gedoen.

3 PETRUS: (VERBAAS) Wat het Hy vir jou gedoen? Jou ma gesond gemaak, ja. Daar heel in die begin. (HALF ERGERLIK) Is dit iets so besonders dat jy nou op jou oudag ontberinge moet gaan verduur om … om wat te doen, hê, sê my … wat te doen?

4 HANNA: Ek wil die vroue van Hom vertel. Hoe hy ONS vrygemaak het!

5 PETRUS: (VERSTOM) Wat? Julle vrygemaak het? Waarvan? Julle was g’n slawe nie!

6 HANNA: Hy het ons vrygemaak om ook deel te kan hê aan sy koninkryk. (ERNSTIG) Dink bietjie, my man. Probeer jou indink in ons plek. Weet jy hoe dit vir ons voel as ons by die tempel- en sinagogediens uitgesluit word? En by die sinagogeskole waar net die seuns aan die voete van die rabbi’s kan sit en van die dinge van God kan leer? Ons moes vroeër tuis bly en net van kosher kos en reinheidswette en vrouedinge leer. Maar julle kon die heilige boeke bestudeer, meer van God en sy koninkryk leer. Ons plek was in die kombuis. (POUSE) Maar Hy het alles kom verander.

1 PETRUS: Ek verstaan nie. Wat het Hy verander?

2 HANNA: (VERWONDERD) Jy was elke dag saam met Hom en jy het niks opgemerk nie? Ek kan dit nie glo nie! Het jy nie gesien hoe Hy vroue en kinders behandel het nie?

3 PETRUS: (ONGEMAKLIK) Hoe? Soos … soos vroue en kinders.

4 HANNA: Petrus, HY het ons nie uitgesluit as Hy preek nie. (HALF ONGEDULDIG) Dink, my man. DINK!

5 PETRUS: (ONGEMAKLIK) Ek weet nie waarop jy afstuur nie.

6 HANNA: (AFGEMETE) Nou luister dan: Vir Martha – en deur haar vir alle vroue - het Hy geleer dat die kombuis maar bietjie kan wag as Hy daar kuier. Sy mag óók aan sy voete kom sit en hoor van `n Vader in die hemel wat ook vir háár liefhet. Hy het die doop as teken van sy verbond ingestel – `n teken wat ook die vrou insluit! Vir Maria Magdalena, die prostituut, en vir die owerspelige vrou het Hy vrygespreek, hulle sondes vergewe en hulle gehelp om `n nuwe lewe te lei. Dink net hoeveel owerspelige vroue deur die eeue gestenig is terwyl die mans meestal skotvry daarvan afgekom het!

7 PETRUS: Is dit al?

8 HANNA: (ONGEDULDIG) Al? Is dit nie genoeg nie? Ons is nie in die sinagogediens toegelaat nie en in die tempel was die verste wat ons kon gaan, net tot by die skatkis in die voorhof vir vroue. (BITTER) Ons géld was goed genoeg vir die tempel, maar nie óns nie!

9 PETRUS: (GESKOK) Vrou, jy … jy laster! `n Vrou moet haar plek ken.

1 HANNA: (ONGESTOORD) Wat is `n vrou se plek? HY het ons nooit uitgesluit nie. Die blou hemel was die koepel van SY sinagoge en die gras tussen die lelies van die veld het sitplek gebied vir elke vrou en kind wat na sy prediking wou luister. En het jy al daaraan gedink dat Hy die Samaritaanse sondares uitgekies het om die eerste mens te wees wat Hom as Messias herken het en die boodskap aan ander oorgedra het? En dit was Maria Magdalena, `n *vrou* aan wie Hy eerste na sy opstanding verskyn het! Is dit nie genoeg nie?

2 PETRUS: Ek hoor. Ek hoor alles wat jy sê, Anna. Maar …

3 HANNA: (HARTSTOGTELIK) *Dit,* Petrus, is wat ek vir die vroue van die wêreld wil gaan vertel: *dat Jesus die vrou vrygemaak het, maar veral dat Hy ook vir húlle gesterf het!* (POUSE) Ek gáán, Petrus en jy gaan my nie keer nie. Van nou af is ons oral en altyd … saam!

**Toneel 5: Terug by Petrus en Servus in die tronk.**

<u>DOOF UIT. KRUISDOOF MET GESTEUN VAN OU MAN AS PETRUS WEER OPSTAAN. KETTINGS HOORBAAR.</u>

4 SERVUS: En toe gaan jou Hanna saam. Wat het die ander Jode gesê?

5 (OU) PETRUS: Nie veel nie. Die mans het haar meestal geïgnoreer. Die vroue het haar met liefde oorlaai en het gretig geluister. Baie het tot geloof gekom. (MET `N GRINNIK) Rabbi Paulus was suur, soms selfs kwaad oor haar teenwoordigheid en haar werk onder die vroue,

veral in Korinte. Vir hom was vroue struikelblokke. Wou nie eers hê ons moes met die liewe goedjies trou nie.

1 SERVUS: Dalk was hy jaloers.

2 PETRUS: Ek dink nie so nie. Hy het eerlik geglo dat die vrou nie in die erediens hoort nie. *Vroue is emosioneel en ontstig net alles. Hulle moet stilbly ... en verkieslik wegbly*. Moet hulle liewer tuis deur hulle mans laat leer. (OORGANG) Ek en hy het soms maar bietjie vasgesit. Niks ernstigs nie. Van vrouens het dié oujongkêrel in elk geval nie veel geweet nie. Gelukkig het my Hanna vas gestaan. Het haar glad nie aan hom gesteur nie. (POUSE. NADENKEND*)* *Sy het haar deur JESUS laat lei, nie deur Paulus nie.*

3 SERVUS: Waar is sy nou?

4 PETRUS: (SKOR) Ek weet nie. Ek hoop sy is veilig. Sy was siek en koorsig toe ek na die samekoms in die katakombes moes vertrek. Ek het gesê sy moet liewer by ons gasvrou agterbly. Hanna weet teen dié tyd seker dat ons gevange geneem is. Maar waar sy is, weet ek nie. Ek hoop net nie sy kom na my soek nie…

5 SERVUS: En ek kan nie eers gaan uitvind nie, want ons sit vasgeketting aan mekaar. Maar as ek dalk afgelos word, sal ek haar gaan soek en kyk of ek haar kan help.

6. PETRUS: (BEWOë) Dankie tog, Servus. Jy's 'n goeie seun.

7. SERVUS: En Tomas? Het hy altyd so `n ongelowige twyfelaar gebly?

1 PETRUS: Probeer jy praatjies maak om my aandag van my ellende af te lei, Servus?

2. SERVUS: Nee, Vader Petrus. Ek wil regtig weet.

3.PETRUS: Tomas het nie verander nie. Hy is een van die mense wat altyd dinge wil verstaan, maar dit het nie die koninkryksdeure vir hom gesluit nie. Na die Meester se opstanding het hy ook die *opstanding* ontken – totdat die Meester sy deurboorde hande vir hom gewys het. (BEWOË) Toe het die mooiste belydenis wat ooit deur een van ons geuiter is, oor sy lippe gekom: *"MY Here en MY God!"* (POUSE) Soos Vader Jakob van ouds, moes hy eers met God worstel voordat hy tot oorgawe gekom het.

4 SERVUS: En Judas? Het Jesus hom ook vergewe, soos Hy jou vergewe het?

5 PETRUS: Toe Jesus gekruisig is, het hy selfmoord gepleeg. Waarom ék vergifnis ontvang het, maar nie hy nie, weet ek nie.

6 SERVUS: Miskien was hy skelm en boos en jy nie.

7 PETRUS: Skelm was hy wel. Ons weet dat hy soms van ons beursgeld gesteel het. Maar die Meester is genadig en het groter sondaars as Judas vergewe. (OORGANG)

Nee, Jesus werk nie so nie. Sy liefde en genade is grensloos. Maar ek weet wel dat Jesus se dood ook die einde van Judas se drome beteken het. Sy hele lewe het ineengestort. Toe maak hy `n einde aan alles.

1 SERVUS: (NADENKEND) Dalk was hy nooit ernstig oor Jesus nie. Dalk wou hy Jesus net gebruik.

2 PETRUS: (PEINSEND) Ons kan nie oordeel nie. Ons weet nie wat op die laaste minuut tussen hom en God gebeur het nie. Wie sal ooit weet? Wie sal God se raad ooit verstaan?

3 SERVUS: (OORGANG. SIMPATIEK) Probeer bietjie rus, Petrus. Kyk, dit word al laat.

4 PETRUS: Ek glo nie ek sal kan slaap nie. Ek is bang.

5 SERVUS: Waarvoor?

6 PETRUS: Ek is nie `n Romeinse burger, soos Paulus nie. As Nero sê ek was die leier van die brandstigters, laat hy my dalk … kruisig.

(OORGANG. HEES) Ek…ek vrees die kruisdood meer as enigiets anders. Baie lank al. Sedert ek twaalf jaar oud was.

7 SERVUS: Wat het toe gebeur? (POUSE)

8 PETRUS: Ons gesin was vir `n bruilof in Nasaret. Ons Meester was toe ook `n jong seun in Nasaret. (SAG, BY HOMSELF) Om te dink ek was dáár, saam met Hom, en ek het dit nie eers geweet nie. (OORGANG. HARDER)

9. PETRUS: Judas die Galileër het juis daardie tyd `n opstand teen die Romeine gelei. Deur baie is hy vir die Messias aangesien. Die Seloteparty het skielik na vore getree. Die opstand is onderdruk. (SOMBER) Tweeduisend opstandelinge is gekruisig. Die hele dorpie Seforis

digby Nasaret is uitgewis. Die kruise het myle ver langs die hoofweë gestaan.

1 SERVUS: Ja, ek ken dié gesig. Waar daar opstand is, ken Rome geen genade nie.

2 PETRUS: (SAG, HORTEND) Ons is … gedwing om tussen daardie kruise deur te stap, terug Kapernaüm toe. As `n les. (POUSE) Dit was … afgryslik!

<u>SLEUTEL KNARS IN SLOT. DEUR SWAAI OOP. ENKELE SWAAR TREË. STEM VAN BO VAN TRAPPE AF.</u>

3 BEWAARDER: (SARKASTIES) O, Meneer die Rots, jy's darem nog hier. Het jou meester en sy engel jou nog nie kom red nie? Jammer. Ja, regtig jammer, want Keiser Nero het julle hele ou spulletjie vandag saam verhoor en skuldig bevind aan die afbrand van Rome. Hy het ook sommer jou vonnis gevel. (DOODSE STILTE) Is jy nie nuuskierig om te hoor wat jou vonnis is nie?

(STEEDS STILTE)

4 BEWAARDER: Nouja, dan sê ek maar: jy sal die eer hê om soos jou Meester te sterf.

5 PETRUS: (VINNIGE ASEMTEUG. GESKOKTE STILTE. SAG FLUISTEREND BY HOMSELF) Die kruisdood?

6 BEWAARDER: (VERRADERLIK JOVIAAL) Maar ek is `n man wat my gaste se wense respekteer. Jy het vanoggend gesê jy is nie werd om soos jou meester te sterf nie. Ons voldoen graag aan jou wens. Ons sal

jou dus maar *onderstebo* kruisig. Môre oggend.

(STILTE. DAN SARKASTIES) Rustige nag, Meneer die Rots.

ENKELE VOETSTAPPE WAT WEGSTAP, DEUR SWAAI TOE, SLEUTEL KNARS IN SLOT. STILTE.

1 SERVUS: (ONTSTELD) So `n … ongevoelige vark! En Nero. Hoe kán hy so iets doen. Sommer veroordeel en gevonnis sonder `n behoorlike verhoor? Dit is nie hoe Rome dinge doen nie. (POUSE, DAN BITTER) Maar ek het vergeet: Nero is god. Hy maak sy eie wette.

2 PETRUS: (TOONLOOS, IN TOESTAND VAN SKOK) Maar my Meester het ook nie `n regverdige verhoor gehad nie. Ek is nie beter as Hy nie.

3 SERVUS: (SIMPATIEK) Jy bewe soos `n riet, Petrus. Dis seker die skok. Hierso, neem my mantel. Dalk help dit.

4 PETRUS: Nee. Hou dit vir jouself. Dis koud. (OORGANG) Ek is bang. Ek is maar weer die *ou* Simon.. As ek kon, het ek nou wéér gevlug. Ek laat my Meester wéér in die steek…

5 SERVUS: Natuurlik sal jy bang wees. Dis menslik. Dis nie verkeerd nie. Almal is bang vir die dood!

6 PETRUS: Ek vrees nie die dood nie. Ek vrees die *proses van doodgaan!* Ek sal die dood verwelkom. Voor sy dood het die Meester gesê dat ons bly moet wees dat Hy teruggaan na sy Vader in die hemel toe. In die huis van sy Vader is daar baie wonings. Hy gaan om vir ons plek te berei. (POUSE) Maar die lang uitgerekte pyn en lyding

van `n kruisdood! Dis *dit* wat ek vrees. En dit hoort nie so nie

1 SERVUS: Moenie nou daaraan dink nie. Dink aan daardie plek by Hom wat Hy vir jou berei het. In sulke tye help dit om aan mooi dinge te dink.

2 PETRUS: Mooi dinge? Alles rondom Jesus is mooi, maar sy kruisdood was nie mooi nie. Dit was aaklig! So sal my dood ook wees.

(OORGANG) Om te dink ek het so ligtelik daaroor gepraat! Destyds, die nag voor sy dood, het ek vurig gesê dat ek Hom nooit sal verlaat nie, *dat ek Hom tot in die dood sou volg.* En nou, noudat ek soos Hy kan sterf, verkrummel die rots tot … stof! (BEANGS) Ek sien nie daarvoor kans nie. Ek het nog altyd vir alles kans gesien … net nie vir daardie soort foltering nie.

3 SERVUS: (SIMPATIEK) Ons is almal bang vir pyn.

4 PETRUS: Ek meer as ander.

5 PETRUS: (OORGANG. SMEKEND) Is dit verkeerd, Servus? Kan `n volgeling van Jesus wat die Heilige Gees ontvang het, wonders in sy Naam gedoen het, die wêreld vol gereis het en sy evangelie verkondig het, steeds so lafhartig wees?

6 SERVUS: (LOMP TROOSTEND) Dit sal nie lank wees nie. Ek het eenkeer gesien hoedat drie mans saam so onderstebo gekruisig is. Aldrie was baie gou dood. Waarom weet ek nie. Ander gekruisigdes sterf soms daelank – nie soos hulle nie.

(BESORGD) Vader Petrus, u bewe soos `n riet. Dé, vat tog my

mantel.  Dit is baie warmer u s'n.  Ek sal joune aantrek.

1  PETRUS: Ek kan nie jou mantel vat nie.  Dis skok en angs, nie koue nie, wat my so laat bewe.

2  SERVUS: (DRINGEND)  Vader Petrus, u *moet* hierdie kleed vat. Ek .. ek het vroeër nie die waarheid gepraat oor … die kleed nie.

3  PETRUS: (VERVAARD)  Die waarheid?  Wat praat jy tog?  Wie praat oor waarheid of klere as jy hoor jy gaan môre `n kruisdood sterf?

4  SERVUS: (DRINGEND) Luister na my, asseblief! Ons het die kleed nie by `n Jodin in Rome gekoop nie.  My pa was `n soldaat in die Tiende Legion. Hy het dit van Jerusalem af gebring.  Losgedobbel aan die voet van `n kruis.  Meer as dertig jaar gelede. (STADIG, MET NADRUK*) Petrus, dit is Jesus van Nasaret se kleed!*

5  PETRUS: (VERDWAASD)  Jesus se kleed? My Meester se kleed?

6  SERVUS: My Pa het dit nooit gedra nie.  Hy  het dit in `n kis gebêre, maar dit dikwels uitgehaal en net stil daarna gekyk.  Voor sy dood het hy dit vir my gegee en my toé die hele verhaal vertel. (OORGANG)

7 SERVUS: Vergewe my, Vader Petrus, dat ek u mislei het, maar ek wou meer uitvind. Die bietjie wat ek van Jesus weet, het *my vader* my vertel. Dit was ook *hy*, Centurio Publius, at aan die voet van die kruis gestaan het en uitgeroep het: “Hierdie man was onskuldig!  Hy was werklik die Seun van God.”  My Pa was `n gelowige.

8  PETRUS: (VERWONDERD) Sy kleed?  Maar dis nog so nuut. Lyk nog soos … toe Hy dit gedra het.

1 SERVUS: Hierdie kleed was my pa se kosbaarste besit. Daarom wou hy dit nie dra nie. Armoede en koue het my vanjaar gedwing om dit te begin dra.

2 PETRUS: (SAG, VERWONDERD) Nie armoede en koue nie, Servus. HY het dit so beskik, sodat EK en JY en … SY KLEED vannag hier saam moes wees … in hierdie koue, donker sel. (POUSE) Ek hét dit herken, maar jy het so oortuigend gepraat. Kon ook nie mooi sien in die half-donker nie. (ONTROERD) *Sy kleed?* (EERBIEDIG) Mag ek … asseblief?

3 SERVUS: (STIL) Ja, Petrus, jy mag. Dis hoe dit hoort. Hier is dit. Trek dit aan. Ek sal hierdie kleed na vannag nooit weer kan dra nie. Kom ons ruil kledingstukke.

<u>BEWEGING SOOS WAT KLEDINGSTUKKE IN STILTE VERWISSEL WORD.</u>

4 PETRUS: (ONTROERD, BIDDEND) Here Jesus, ek verdien dit nie. Dankie, Here. Dankie dat U vannag hier is, by Simon Petrus, deur U kleed. (HEES VAN AANDOENING). Dankie vir u liefde … en warmte en krag in hierdie donker nag… Ek voel weer die nabyheid van die Trooster… Dankie, Here Jesus *dat U weer my hand kom gryp het … toe ek in die stormsee wou wegsink.*

**(Tydens ‘n verhoogopvoering kan die lig hier verdonker met kriekgeluide om nag te suggereer, en dan weer stadig verhelder met voëlsang om oggend aan te dui.)**

DOOF UIT. DOOF IN MET DIE GETJIRP VAN EEN ENKELE VOËLTJIE OM DIE VOLGENDE OGGEND AAN TE DUI. DEUR WORD OOPGESLUIT. ENKELE VOETSTAPPE.

1 BEWAARDER: (BO, VAN TRAPPE AF) Dit is tyd, Meneer die Rots. Kom.

GESTEUN SOOS IEMAND STRAM OPSTAAN. GEKLINGEL VAN KETTINGS.

2 PETRUS: Hier, Servus, dienskneg ... van My Heer. Neem dit. Sy kleed. Gebruik dit in sy diens. Hy het jou geroep… en sal jou nie los nie. (SAGTER) Dankie dat ek my vir hierdie nag daarin kon koester.

3 SERVUS: (SIMPATIEK) Hou dit aan tot … dáár.

4 PETRUS: (KALM) Dankie, maar nee. Ek het dit nie meer nodig nie. Ek kry nie meer koud nie. Is nie meer bang nie. Die Trooster het my versterk. En HY was heelnag by my. Ek kon sy liefde voel, soos daardie oggend aan die oewer van die Meer van Galilea.

(OORGANG) Dankie, Servus. Deur *jou* kleed het Hy vannag vir Simon Petrus toegevou in sy liefde …

5 BEWAARDER: (ONGEDULDIG) Toe toe, kom nou, ou man. Ek het nie die heeldag om hier te staan nie. Die tyd vir praatjies is verby.

GESKUIFEL. KETTINGS WAT SLEEP. VOETSTAPPE WAT STADIG TRAPPE KLIM EN TOT STILSTAND KOM

6 PETRUS: (VERWONDERD) Die lig daarbo … so helder … so warm.

Ligtende wolk … soos met U hemelvaart! (POUSE)

(ONTROERD) Meester, ek sien U. U wag vir my.

Ek kom, Here Jesus!

PETRUS

kom  HUIS TOE!

**SLOTMUSIEK**